# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 28 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| **VERGADERINGSDATUM** | |
| **UMALUSI-MODERATOR** | |
| **HOOFNASIENER** | |
| **INTERNE MODERATOR** | |

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGTOE-KENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek bewyse uit bronne.<br>• Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese konsepte/terme. | 30%<br>(15) |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting wat uit bronne versamel is.<br>• Ontleed bewyse uit bronne. | 40%<br>(20) |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om hul bruikbaarheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings te bepaal.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne aangebied word en maak onafhanklike gevolgtrekkings. | 30%<br>(15) |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word aan enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse en/of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet klem gelê word op hoe die vereistes van die vraag aangespreek is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) asook die vlak van die vraag in kursief aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae:

- Gebruik 'n regmerkie (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die punteskema, bv. (2 x 2) wat na twee redes vertaal en elk twee punte kry (✓✓✓✓); (1 x 2) wat na een rede vertaal en twee punte kry (✓✓).
- As 'n vraag 4 punte dra, dui dan aan deur 4 regmerkies te plaas (✓✓✓✓).

### 1.4 By die nasien van vrae oor ondersteuning/ooreenkomste kan die antwoord wees:

- Dit wys/Dit dui aan/Beide bronne ...
- Maar in gevalle van verskille tussen bronne, moet die antwoord wees: In bron A …, maar in bron B …

© SACAI KOPIEREG

## 1.5 PARAGRAAFVRAAG

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en struktuur van die paragraaf moet in ag geneem word wanneer ’n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ’n antwoord op ’n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ’n kolpunt (●) by elke punt in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag aan te spreek.
- Lees die paragraaf weer om te evalueer tot watter mate die kandidaat relevante bewyse kon gebruik om ’n paragraaf te skryf.
- Dui aan die einde van die paragraaf die regmerkies (√) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan asook die vlak (1, 2 of 3), soos aangedui in die holistiese rubriek en ’n kort opmerking, bv.

  ________________●________________________●___________________________

  ________________________●____________________________●_____________

  ____________________________●______________________________●

  ✓✓✓✓

  Vlak 2

- Meestal relevante bewyse is gebruik om ’n basiese paragraaf te skryf.

  Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vraag en skryf dan die punt in die regterkantse kantlyn onder, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punt akkuraat na die voor-/agterblad van die antwoordskrif oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis van kandidate om:

- In staat te wees om hul argument op ’n logiese en samehangende wyse te struktureer. Hulle moet die relevante inligting selekteer, organiseer en verbande lê sodat hulle ’n redelike volgorde van feite, of ’n doeltreffende argument kan aanbied om die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ’n opstel ’n inleiding, ’n samehangende en gebalanseerde versameling bewyse, en ’n gevolgtrekking/ afronding het.

© SACAI KOPIEREG 

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet bewus wees dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die sentrum gebruik word.
- Kandidate mag enige ander relevante inleiding en/of slot hê as dié wat in ’n spesifieke opstelnasienriglyn vir ’n spesifieke opstel ingesluit is.
- Wanneer oopeinde-brongebaseerde vrae geassesseer word, moet kandidate krediet vir enige ander relevante antwoorde kry.

### 2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die algehele produk moet bepunt, sonder om die samestellende dele afsonderlik aan te teken. Hierdie benadering moedig die kandidaat aan om ’n individuele mening te gee deur geselekteerde feitelike bewyse te gebruik om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die kandidaat verwag word om ‘feite’ bloot te herhaal om ’n hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering ontmoedig kandidate om ‘model’ antwoorde voor te berei en dit weer te gee sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van die opstel gee krediet aan kandidate se menings wat deur bewyse ondersteun word. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendheid nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie van ’n argument.
- Die toepaslike keuse van feitelike bewyse om so ’n argument te ondersteun.
- Die kandidaat se interpretasie van die vraag.

### 2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis/oorsig in gedagte wanneer die opstel geassesseer word.

2.4.2 Tydens die eerste lees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ’n relevante inleiding (aangedui met ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), elk van die hoofpunte/-aspekte wat behoorlik gekontekstualiseer is (ook aangedui deur kolpunte in die nasienriglyn/memorandum) en ’n relevante gevolgtrekking/afronding (aangedui deur ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), bv. in ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar 7 regmerkies wees.

© SACAI KOPIEREG 

2.4.3 Die volgende bykomende simbole kan ook gebruik word:

- Introduction, main aspects, and conclusion not properly contextualised

^

| | | |
|---|---|---|
| • | Verkeerde stelling | ________________ |
| • | Irrelevante stelling | \| |
| | | \| |
| | | \| |
| • | Herhaling | R |
| • | Analise | A ✓ |
| • | Interpretasie | 1 ✓ |

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik die matriks in die nasien van die opstelle

By die nasien van opstelle moet die kriteria soos in die matriks verskaf, gebruik word.

Let op die inhoud en aanbieding wanneer u die opstel assesseer. By die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe bevoegdheidsvlakke, moet 'n punt toegeken word.

(a) Die eerste lees van die opstel sal wees om te bepaal na watter mate die hoofaspekte gedek is en om die **inhoudvlak** (op die matriks) toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede lees van die opstel sal verband hou met die vlak (op die matriks) van **aanbieding**.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | |
| P | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | }26–27 |
| P | VLAK 3 | |

# GLOBALE ASSESSERING VAN OPSTELLE: TOTALE PUNTE: [50]

| AANBIEDING<br>INHOUD | **VLAK 7**<br>Baie goed beplan en gestruktureer Goeie sintese van inligting. Het 'n oorspronklike, goed gebalanseerde en onafhanklike argumentasie met die gebruik van bewyse ontwikkel, Die argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekkings word gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 6**<br>Baie goed beplande en gestruktureer-de opstel. Het 'n relevante argumentasielyn ontwikkel en gebruik om die argument te verdedig. Pogings om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die getuienis te maak om die argument te ondersteun. | **VLAK 5**<br>Goed beplande en gestruktureerde opstel. Pogings om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 4**<br>Het 'n argument beplan en saamgestel. Bewyse word tot 'n mate gebruik om die argument te ondersteun. Gevolgtrekkings bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3**<br>Toon 'n paar bewyse van 'n beplande en gekonstrueerde argument. Pogings om 'n argument te handhaaf. Gevolgtrekkings nie duidelik deur bewyse ondersteun nie. | **VLAK 2**<br>Pogings om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of 'n poging om 'n argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1**<br>Min of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is volledig beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot die argument. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot die argumentasielyn. | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag in 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag is herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante inhoudseleksie. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou wel verband met die vraag, maar beantwoord dit nie, of hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings in dekking. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2**<br>Vraag onvoldoende aangespreek. Skraal inhoud. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1**<br>Vraag onvoldoende aangespreek of glad nie. Onvoldoende of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir VLAK 1.**

- Vraag glad nie aangespreek nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemeen irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1– 6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; geen poging om die opstel te struktureer nie = 7–13

| | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 |
|---|---|---|---|
| | **Onttrek bewyse uit bronne. Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne. Definieer historiese konsepte.** | **Interpretasie. Verstaan bron en skrywer se mening. Eenvoudige vergelyking. Verduidelik historiese konsepte.** | **Interpreteer en evalueer. Raak betrokke by bevooroordeeldheid, betroubaarheid, bruikbaarheid. Vergelyk en kontrasteer. Interpretasies.** |
| **KABV** | **30%** | **40%** | **30%** |
| 1.1.1 | 3 | | |
| 1.1.2 | 1 | | |
| 1.1.3 | | 2 | |
| 1.1.4 | 3 | | |
| 1.1.5 | 1 | | |
| 1.1.6 | | 2 | |
| | | | |
| 1.2.1 | | 2 | |
| 1.2.2 | 2 | | |
| 1.2.3 | | 4 | |
| 1.2.4 | | 2 | |
| 1.2.5 | | | 4 |
| | | | |
| 1.3.1 | | 4 | |
| 1.3.2 | 1 | | |
| 1.3.3 | 2 | | |
| | | | |
| 1.4.1 | 1 | | |
| 1.4.2 | | 4 | |
| 1.5 | | | 4 |
| 1.6 | | | 8 |
| | **28%** | **40%** | **32%** |
| 2.1.1 | 3 | | |
| 2.1.2 | | 4 | |
| 2.1.3 | | 2 | |
| 2.1.4 | 2 | | |
| 2.1.5 | 2 | | |
| | | | |
| 2.2.1 | 3 | | |
| 2.2.2 | 1 | | |
| 2.2.3 | | 2 | |
| 2.2.4 | | 2 | |
| 2.2.5 | | 2 | |
| 2.3.1 | 1 | | |
| 2.3.2 | | | 4 |
| 2.4.1 | 2 | | |
| 2.4.2 | 1 | | |
| 2.4.3 | | 4 | |
| 2.4.4 | | 2 | |
| 2.4.5 | | | 4 |
| 2.5 | | | 8 |
| | | | |
| | **28%** | **40%** | **32%** |
| 3.1.1 | 2 | | |
| 3.1.2 | 2 | | |
| 3.1.3 | | 2 | |
| 3.1.4 | 1 | | |
| 3.1.5 | | 4 | |
| 3.2.1 | 5 | | |
| 3.2.2 | | 2 | |
| 3.2.3 | | 2 | |
| 3.2.4 | | | 4 |
| 3.3.1 | | 2 | |
| 3.3.2 | 4 | | |
| 3.3.3 | | 2 | |
| 3.3.4 | | 2 | |
| 3.4.1 | | 2 | |
| 3.4.2 | | 2 | |
| 3.5 | | | 4 |
| 3.6 | | | 8 |
| | **28%** | **40%** | **32%** |

# AFDELING A

## VRAAG 1: HOE HET DIE EINDE VAN DIE TWEEDE WêRELDOORLOG DIE VERHOUDING TUSSEN DIE VSA EN DIE USSR NA 1945 VERANDER?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1A - Vlak1]*

- "… Roosevelt"
- "Stalin"
- "… Churchill" (3x1)(3)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1A - Vlak 1]*

"Die konflik was meer omvattend as die Eerste Wêreldoorlog en het gestrek van die Atlantiese Oseaan en die Stille Oseaan, deur Europa en Asië, vanaf die Arktiese gebied tot in Noord-Afrika". (1x1)(1)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1A - Vlak 2]*

- Hulle ondersteun Hitler (Duitsland) gedurende die Tweede Wêreldoorlog.
- Hulle is blameer vir die vernietiging wat die oorlog veroorsaak het.
- Hulle is gesien oortreders en die geällieerdes as die slagoffers.
- Enige ander relevante antwoord. (1x2)(2)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1A - Vlak 1]*

- "… Duitsland …"
- "… Japan …"
- "… die Sowjetunie …" (3x1)(3)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1A - Vlak 1]*

- "… 2174 dae …" (1x1)(1)

1.1.6 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1A - Vlak 2]*

- Die VSA wou ’n einde aan die oorlog maak en het die stede van Nagasaki en Hiroshima met ’n atoombom vernietig; dit het gelei tot die dood van baie burgerlikes. (1x2)(2)

**(12)**

1.2

1.2.1 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1B - Vlak 2]*

- Kompetisie tussen kapitalisme gelei deur die VSA en kommunisme gelei deur die Sowjetunie na die Tweede Wêreldoorlog om die wêreld te domineer.
- ’n Staat van politieke vyandigheid tussen die VSA en Sowjetunie gekenmerk deur propaganda en ander maatreëls openlike oorlogvoering.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1B - Vlak 1]*

- “Washington het ’n meer onafhanklike, verteenwoordigende regering volgens die Westerse model verlang …”
- “Moskou het ’n regering geëis wat onderhewig was aan Sowjet-invloed”. (2x1)(2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1B - Vlak 2]*

- Poland is deur die USSR gedurende die Tweede Wêreldoorlog ingeneem maar na die Jaltakonferensie is daar ooreengekom dat sulke lande selfbeskikking gegee moet word.
- Die USSR het die Jalta-ooreenkoms geïgnoreer en Pole by sy gebied geïnkorporeer.
- Die VSA het aangedring op selfbeskikking vir Pole.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1B - Vlak 1]*

- “… om die Jalta-ooreenkoms te implementeer”. (1x2)(2)

1.2.5 *[Beperkings van bewyse van Bon 1B - Vlak 3]*

- Die bron is van die internet geneem.
- Dit gee beperkte inligting oor die ontwikkeling van die Koue Oorlog.
- Fokus net op die rol deur Pole in die Koue Oorlog gespeel.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**(14)**

1.3

1.3.1 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1C - Vlak 2 ]*

- Die VSA het homself as die beskermer van demokrasie beskou en wou nie na die Sowjetunie se bedrogspul luister om die wapenwedloop te beëindig nie.
- Die Sowjetunie wou hê dat die VSA die wapen wedloop beëindig, terwyl hulle hulself en die satelietstate bewapen.
- Die VSA het na die Sowjetunie tien jaar na die Tweede Wêreldoorlog geluister maar die Sowjetunie het Oos-Europa oorgeneem sonder die VSA se toestemming.
- Die VSA het nie die Sowjetunie vertrou nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1C - Vlak 1]*

- "… Rusland" (1x1) (1)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1C - Vlak 1]*

Om kommunisme te stop (1x2) (2)

**(7)**

1.4 Verwys na Bron 1D.

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 1D - Vlak 1]*

- "Maar sedert die VSA die atoombom in 1945 op Hiroshima lanseer het".
- Enige ander relevante antwoord. (1x1) (1)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1D - Vlak 2]*

- Die Supermoondhede het hulle vir vrede beywer, maar terselfdertyd was hulle besig om wapens in die geheim te versamel.
- Hulle het besef dat 'n toekomstige oorlog die wêreld sou vernietig maar dit het hulle nie gekeer om aan te hou kompeteer om kragtiger en gevaarliker wapens te produseer nie.
- Nie een van die Supermoondhede wou agterraak in die wapenstryd nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**(5)**

1.5 *[Vergelyking van die Bronne 1A en 1B - Vlak 3]*

- Bron 1A – Die VSA (Roosevelt) en die Sowjetunie (Stalin) was bondgenote in die Tweede Wêreldoorlog teen die As-moondhede maar in Bron 1B is daar wantroue tussen hulle.
- Bron 1A wys samewerking tussen die presidente Churchill, Roosevelt en Stalin maar Bron 1B wys onenigheid tussen Molotov en Truman.
- Bron 1A fokus op wat gebeur het gedurende die Tweede Wêreldoorlog maar Bron 1B verduidelik die gebeure na die Tweede Wêreldoorlog.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**(4)**

1.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne - Vlak 3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die VSA (Roosevelt), Brittanje (Churchill) en die Sowjetunie (Stalin) die As-moondhede wat Hitler ondersteun het, verslaan (Bron 1A).
- Hiroshima and Nagasaki in Japan is gebombardeer (Bron 1A).
- Die einde van die oorlog het die vermeerdering van wantroue en agterdog tussen die Sowjetunie en die VSA tot gevolg gehad (Bron 1B).
- Die agterdog en wantroue lei tot die Koue Oorlog (Daar is ’n kompetisie tussen die VSA en Sowjet Unie om die wêreld te domineer) (Bron 1B).
- Die Koue Oorlog ontwikkel as gevolg van Pole (Bron 1B).
- Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die Sowjetunie Pole beset (Bron 1B).
- Die Jaltakonferensie is gehou deur die Geallieerde Moondhede – om die toekoms van Europa na die oorlog te bepaal (Eie kennis).
- Die Sowjetunie en VSA het oor selfbeskikking vir alle lande saamgestem (Bron 1B).
- Die Sowjetunie weerstaan die poging van die VSA om selfbeskikking vir Pole te forseer. Dit lei tot konfrontasie tussen Molotov, die Sowjet Minister en Truman (Bron 1B).
- Die Sowjetunie het atoomwapens begin produseer om by die VSA te pas (Bron 1C).
- Teen 1949 het die wapen- en ruimtewedloop begin (Bron 1C).
- Die wapenwedloop het tot die Teorie van Wedersydse Versekerde Vernietiging (Mutual Assured Destruction [MAD]) gelei (Bron 1D).
- Die wapen- en ruimtewedloop het wêreldvrede bedreig (Eie kennis).
- Die Sowjetunie en die VSA het vir die vernietiging van atoomwapens gevra maar ongelukkig het dit as gevolg van wantroue nooit werklikheid geword nie (Bronne 1B and 1D).
- Enige ander relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse bv. **toon geen of min begrip dat die einde van die Tweede Wêreldoorlog die verhouding tussen die VSA en die Sowjet Unie na 1945 verander het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om ’n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie ’n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon ’n mate van begrip dat die einde van die Tweede Wêreldoorlog die verhouding tussen die VSA en die Sowjetunie na 1945 verander het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon deeglike begrip dat die einde van die Tweede Wêreldoorlog die verhouding tussen die VSA en die Sowjetunie na 1945 verander het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui. | **Punte: 6 − 8** |

**(8)**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

**VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE UITBREEK VAN DIE ANGOLESE BURGEROORLOG TUSSEN 1975 EN 1976 BYGEDRA?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2A - Vlak 1]*

- "Die Volksbeweging vir die Bevryding van Angola (MPLA) …"
- "Nasionale Front vir die Bevryding van Angola (FNLA)"
- "Die Nasionale Unie vir die Totale Onafhanklikheid van Angola (UNITA)" (3x1) (3)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2A - Vlak 2]*

- Dit was duur vir Portugal om die kolonialisasie van Angola vol te hou.
- Die nuwe regering in Portugal was anti-kolonialisme.
- Die bevrydingsbewegings was in solidariteit met mekaar om onafhankikheid vir Angola te wen.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2A - Vlak 2]*

- Toe die Portugese regering na onafhanklikheid uit Angola onttrek, het die drie bevrydigingsbewegings onder mekaar begin baklei vir alleenbeheer oor Angola. (1x2) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2A - Vlak 1]*

- "… Angolese onafhanklikheid toegestaan het …"
- "… voorsiening gemaak het vir 'n drieledige magsdelende regering" (2x1) (2)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2A - Vlak 2]*

- Die bevrydingsbewegings het nie mekaar vertrou nie.
- Die bevrydingingsbewegings het verskillende tipes regering verkies; die MPLA verkies kommunisme, en UNITA wou demokrasie in Angola hê.
- Enige ander relevante antwoord. (1x2) (2)

**(13)**

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2B - Vlak 1]*

- "Holden Roberto …"
- "Agostinho Neto"
- "Jonas Savimbi" (3x1) (3)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2B - Vlak 1]*

- "… Angola se bestuur word deur 'n koalisieregering uit die drie nasionalistiese groepe en die Potugese saamgestel".
- "… Verkiesing vir 'n grondwetgewende vergadering". (Enige 1x1) (1)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2B - Vlak 2]*

- Hulle is deur die Alvor-ooreenkoms gebind. (1x2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2B - Vlak 2]*

- Dit het 'n weermag van ongeveer 15 000 troepe gehad.
- Dit is ondersteun deur Daniel Chipenda se guerrilla weermag wat van die MPLA oorgeloop het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

2.2.5 *[Definisie van begrip van Bron 2B - Vlak 2]*

- Wanneer verskeie partye saamwerk om 'n regering te vorm.
- 'n Tydelike alliansie van twee of meer politieke partye (of onafhanklike verteenwoordigers) kombineer hul stemme in 'n verkiesing om 'n regering te vorm.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

**(10)**

2.3

2.3.1 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2C - Vlak 2]*

- UNITA wou alle tekens van Portugese kolonialisme verwyder.
- Om kolonialisme uit alle dorpe te verwyder.
- Om alle herinneringe aan Portugese oorheersing uit te wis.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x1) (1)

2.3.2 *[Toets die bruikbaarheid van Bron 2C - Vlak 3]*

- Dit wys hoe die standbeeld weggeneem word.
- Dit wys die reaksie van die Angolese mense teenoor kolonialisme.
- Dit wys dat kolonialisme verslaan is.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**(5)**

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2D - Vlak 1]*

- "Hulle het 'n aantal gesamentlike projekte aangepak, soos die hidro-elektriese projekte op die Kunene in Angola en by Cahora Bassa in Mosambiek".
- "Hulle het ook gesamentlike veiligheidsoperasies uitgevoer". (2x1) (2)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2D - Vlak 1]*

- "… Angola …"
- "… Mosambiek" (2x1) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2D - Vlak 2]*

- Suid-Afrika het 'n wit apartheidregering aan bewind gehad wat diskriminerend teen Swartes was.
- Portugese koloniale regering het die Angolese onderdruk en teen hulle gediskrimineer.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

2.4.4 *[Onttrekking van bewyse van Bron 2D - Vlak 1]*

- *"…* die April-staatsgreep het 'n gevaarlike vakuum in Suid-Afrika se strategiese visie geskep …" (1x2) (2)

2.4.5 *[Toets betroubaarheid van Bron 2D - Vlak 3]*

**Betroubaar want**:

- Dit bevat feite wat getoets kan word.
- Die bron is saamgestel deur die historikus Fernando Joao da Costa Cabral Andresen Guimareas.
- Enige ander relevante antwoord.

**Nie betroubaar**:

- "...Daar het baie tyd verloop sedert die gebeure plaasgevind het".
- Die artikel is goedgekeur deur 'n buitelandse universiteit (London) wat nie kennis dra van die feite van die oorlog nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**(14)**

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne - Vlak 3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Angola het onafhanklikheid van Portugal op 11 November 1975 na die Alvor-ooreenkoms (Bron 2B) bekom.
- Die drie bevrydingsbewegings, die MPLA, FNLA and UNITA het saamgestem om ’n koalisieregering te vorm (Bronne 2A en 2B).
- Hulle het ooreengekom om ’n grondwetgewende vergadering te vorm en Portugal het ’n weermag van 24 000 behou en elke bervrydingsbeweging het ’n weermag van 8 000 bygedra (Bron 2D).
- Die FNLA het ’n militêre voordeel gehad want hulle het ’n weermag van 1 500 plus die guerillas wat deur Chipenda voorsien is, gehad (Bron 2D).
- Na onafhanklikheid is die drie bevrydingsbewegings, FNLA, MPLA en UNITA weer in ’n burgeroorlog gedompel van 1975-1976 (Bron 2A).
- Voor die onafhanklikheid het die Portugese regering in Angola met Suid-Afrika saamgewerk: die konstruksie van die hidro-elektriese kragstasie by Cahora Bassa en Kunene in Angola (Bron 2D).
- Beide regerings is deur die VN veroordeel (Bron 2D).
- Suid-Afrika is as gevolg van die apartheidsregering veroordeel (Eie kennis).
- Die Portugese regering was wreed en onderdrukkend teenoor die swartes in Angola (Eie kennis).
- Die onafhanklike Angola het ’n magsvakuum in Angola gelaat, en Suid-Afrika het besluit om UNITA in die burgeroorlog te ondersteun (Bron 2D).
- Die oorgangsregering het op 31 Januarie 1975 oorgeneem en is gelei deur Holden Roberto van die FNLA (Bron 2B).
- Wantroue en agterdog het tot ’n burgeroorlog tussen die drie bewegings gelei (Bron 2D).
- Enige ander relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse bv. **toon geen of min begrip oor die faktore wat bygedra het tot die Angolese Burgeroorlog tussen 1975 en 1976.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om ’n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie ’n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. **toon ’n mate van begrip oor die faktore wat bygedra het tot die Angolese Burgeroorlog tussen 1975 en 1976.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon ’n deeglike begrip van die faktore wat tot die Angolese Burgeroorlog tussen 1975 en 1976 bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui. | **Punte: 6 − 8** |

**(8)**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE NASHVILLE SITSTAKING PROTESAKSIE DIE LEWENS VAN GEWONE AFRO-AMERIKANERS IN DIE VSA IN DIE 1960's BEÏNVLOED?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3A - Vlak 1]*

- "Nashville Studentebeweging"
- "Nashville Christelike Leierskapraad (NCLC)" (2x1) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3A - Vlak 1]*

- "Diane Nash"
- "John Lewis" (2x1) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3A - Vlak 2]*

- Deel van 'n protes in Nashville om rassediskriminasie by eettoonbanke te eindig.
- Gedurende middagete, het Afro-Amerikaanse studente die middagetetoonbanke in die winkels beset waar hulle toegang geweier is en hulle geweier het om te gaan voordat hulle bedien is.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3A - Vlak 1]*

- Kress (nou K-Mart).
- Woolworths.
- McClellan. (Enige 1x1) (1)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3A - Vlak 2]*

- Winkeleienaars het geglo dat hulle 'n wettige keuse het om te besluit wie hulle wil bedien.
- Winkeleienaars glo, deur te weier om Afro-Amerikaners by dieselfde toonbanke as wittes te bedien, is gebaseer op die segregasiewette; hulle aksies was wettig.
- Winkeleienaars het geglo Afro-Amerikaners was minderwaardige mense en dat hulle die opsie gehad het om wittes te beskerm om nie met die swartes te meng nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**(11)**

© SACAI KOPIEREG

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3B - Vlak 1]*

- "Woolworths"
- "McLellan's"
- "Kress"
- "Wallgreen's"
- "Harveys"
- "Trailways Terminal"
- "Cain-Sloan …"
- "Moon-McGrath" (Enige 5x1) (5)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3B - Vlak 2]*

- Dit was middagete en hulle het geweet dat daar baie mense sou wees wat getuies van hierdie beplande aksie kon wees. (1x2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3B - Vlak 2]*

- Om te bewys dat hulle studente was wat geen skade aan die eienaars of klante wou doen nie.
- Om te bewys dat die studente die organiseerders van die protesaksie was.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

3.2.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van bewyse van Bron 3B - Vlak 3]*

- Dit is 'n primêre bron, geskryf deur 'n ooggetuie.
- Die koerant is op die dag van die gebeure gepubliseer.
- Dit berig oor die gebeure op 26 Maart soos dit ontvou het.
- Dit bewys dat die optog vreedsaam was en hoe die wittes desegregasie teengestaan het en geweldadig teenoor die betogers opgetree het.
- Dit noem die name en ouderdomme van die studente wat gearresteer is en watter universiteit hulle bygewoon het, om te bewys dat hulle studente was.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**(13)**

3.3

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3C - Vlak 2]*

- Hulle kon nie desegregasie in een area aanvaar en in 'n ander ignoreer nie.
- Hulle wou 'n totale einde aan segregasie hê.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3C - Vlak 1]*

- "Swart/Neger gemeenskap op 'n ongeëwenaarde wyse verenig"
- "… effektief was om seisoenale besigheid in die verskeidenheidswinkels skerp in te perk"
- "… Jim Lawson … op 3 Maart geskors …"
- "storm van betogings ontketen … in akademiese en geestelike kringe …" (4x1) (4)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3C - Vlak 1]*

- "Fisk Universiteit". (1x2) (2)

3.3.4 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3C - Vlak 2]*

- Hy was toegewyd aan 'n beplande betoging waarna verwys is as burgerlike ongehoorsaamheid.
- Hy was 'n adviseur en raadgewer vir 'n beplande betoging.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

**(10)**

3.4

3.4.1 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3D - Vlak 2]*

- Om as bewys te dien van wat tydens die Nashville sitstaking op 25 Maart 1960 gebeur het.
- Om die historiese moment vas te vang.
- Wys hoe die sitstaking gedoen is.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3D - Vlak 2]*

- Om te keer dat Afro-Amerikane by slegs blanke eettoonbanke bedien word.
- Om geweldadige aanvalle van wittes wat gekant was teen die desegregasie van die eettoonbanke in die VSA te stop.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

**(4)**

3.5 *[Vergelyking van Bronne 3C en 3D - Vlak 2]*

- Bron 3C is 'n geskrewe bron en verduidelik wat tydens die Nashville sitstaking gebeur het en Bron 3D is 'n foto van wat tydens die sitstaking gebeur het.
- Bron 3C fokus op die effek van die sitstaking op die Afro-Amerikaners en Bron 3D fokus op die Walgreens winkel sit-staking.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2) (4)

**(4)**

3.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne - Vlak 3]*

*Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:*

- Nie-geweldadige sitstakings is oral in Amerika gehou teen segregasie (Eie kennis).
- Die sitstakings teen segregasie van die eettoonbanke in Nashville het van 13 Februarie to 10 Mei 1960 geduur (Bron 3A).
- Die sitstaking is georganiseer deur die Nashville Studente Beweging en die Nashville Christelike Leierskapraad (NCLC) (Bron 3A).
- Die leiers was meestal universiteit studente – Rodney Powell (Bron 3D).
- 13 Februarie 1960 is verskillende sitstakings by verskillende winkels in Nashville van 2 nm tot 4:30 nm gereël (Bron 3B).
- Eienaars het geweier om hulle te bedien (Bron 3A).
- 27 Februarie, die sitstaking eindig in geweld – James Lawson Jr. is deur ’n witgroep aangeval (Bron 3A).
- By Moon McGrath is vier studente gearresteer (Bron 3B).
- Die sitstaking het die Nashville gemeenskap verenig (Bron 3C).
- ’n Bom is in Looby se huis is geslinger (Bron 3C).
- Van die studente is gearresteer (Bron 3A).
- Jim Lawson is uit Vanderbilt Divinity School geskors (Bron 3C).
- Aan die einde is gesegregreerde eettoonbanke onwettig deur die Federale regering verklaar (Eie kennis).
- Enige ander relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Nashville si-staking protesaksie die lewens van gewone Afro-Amerikaners beïnvloed het in die VSA in die 1960’s.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om ’n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie ’n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon ’n mate van begrip van hoe die Nashville sitstaking protesaksie die lewens van gewone Afro-Amerikaners beïnvloed het in die VSA in die 1960’s.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse. bv. **wat ’n deeglike begrip toon van hoe die Nashville sitstaking protesaksie die lewens van gewone Afro-Amerikaners beïnvloed het in die VSA in die 1960’s.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui. | **Punte: 6 – 8** |

**(8)**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

## AFDELING B: OPSTELLE

*[Beplan, konstrueer en bespreek 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIëTNAM

Die konvensiële oorlogvoeringstrategie deur die VSA gebruik deur die guerillataktiek deur die Viëtkong gedurende die Viëtnamese Oorlog tussen 1963 en 1975 gebruik, uitgeskakel.

Stem jy saam met die stelling? Gebruik relevante bewyse om jou antwoord te ondersteun.

**SINOPSIS**

In die skryf van die opstel moet kandidate verduidelik of hulle met die stelling saamstem of nie.

**KERNASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet die argument in verband met die stelling aandui en aandui hoe hulle gaan poog om die vraag aan te spreek.

**UITBREIDING**

**Agtergrond:**

- In die middelpunt van die konflik was die begeerte van Noord-Viëtnam wat die Franse koloniale administrasie van Viëtnam in 1954 verslaan het, om die hele land onder 'n enkele kommunistiese regime gebaseer op dié van die **Sowjetunie en China** te verenig.
- By die Geneefse konferensie is Viëtnam tydelik by die 17de parallele lyn in Noord-Viëtnam, beheer deur die **kommunistiese Vietminh** en Suid-Viëtnam, wat deur die **VSA en Franse** ondersteun is, verdeel.
- Suid-Viëtnam is regeer deur die tiranniese en ongewilde **Ngo Dinh Diem**, wat geweier het om die verkiesings te hou wat Viëtnam moes verenig.
- Ngo Dinh Diem is veral deur anti-kommunistiese state soos die **VSA** ondersteun.
- Die Nasionale Bevrydingsfront (NLF) – kommunisties-georiënteerd – met sy eie opgeleide guerrillamagte, die Viëtkong en wat Ngo Dinh Diem teengestaan het, is gestig. Dit het die land in 'n **burgeroorlog** gedompel.
- Die plaaslike mense in Suid-Viëtnam het begin om die **Viëtkong te ondersteun**. Dit het die Amerikaners laat vrees dat **kommunisme gaan versprei** (Domino-effek).
- Die Viëtkong is deur die **Chinese en die Russe** ondersteun.
- Die Viëtkong het voorrade, wapens, voedsel en selfs soldate van Noord-Viëtnam via die **Ho Chi Minh-roete** ontvang.
- Die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog, in wese 'n konflik tussen die Noorde en die Suide, het 'n stryd teen die wêreldwye uirbreiding van kommunisme geword. Dit was 'n **volmagoorlog ('proxy'-oorlog)** gedurende die **Koue Oorlog** en deel van die Amerikaanse beperkingsbeleid.

**Die oorlog:**

- **Tot en met 1954 het die VSA die Franse** teen die Vietminh met geld en toerusting ondersteun.
- Tussen 1945 en 1960 het die VSA hulp, toerusting en militêre adviseurs gestuur om die Suid-Viëtnamese te ondersteun.
- Tussen 1960 en 1963 het president Kennedy die 'veilige dorpie'- (hamlet) stelsel begin. Dit het misluk omdat die meeste van die Viëtkong-lede kleinboere was wat vanuit die dorpies gewerk het – neem beheer oor ongeveer 40% van die platteland.
- Die VSA het op 8 Maart 1965 **3 500 spesiale magte en voetsoldate** na Viëtnam gestuur.
- Golf van Tonkin – Golf van Tonkin-resolusie.
- President Johnson het die VSA se betrokkenheid verhoog; teen 1967 was daar ongeveer **500 000 Amerikaanse troepe in Viëtnam.**
- **Operasie Rolling Thunder** (April 1965) het ten doel gehad om die Viëtkong van hul steun in die noorde af te sny deur hawens, weermagbasisse en toevoerlyne te vernietig, maar dit kon nie die Viëtkong se wil om te veg of die vloei van manne en voorrade langs die Ho Chi Minh-roete stuit of verswak nie.
- **The VSA het omtrent 900 vliegtuie verloor wat gelei het tot 'n verhoogde vraag na soldate.** Die aanbod is verhoog in 1965.
- **Chemiese oorlogvoering:** Agent Orange en napalm het die VSA onpopulêr gemaak en baie lande het teen die VSA gedraai; dit het die omgewing beskadig.
- Die Tet-offensief (1968): Die Viëtkong het 'n massiewe aanval op ongeveer honderd dorpe en stede, insluitend Saigon sowel as twaalf VSA lugbasisse van stapel gestuur. **Die Viëtkong kon 80% van alle dorpe en nedersettings verower**.
- Alhoewel die Viëtkong swaar verliese gely het en versuim het om 'n uitklophou te lewer, het dit getoon dat dit die vermoë gehad het om die middelpunt van die VSA-beheerde gebied te tref. Dit het aan die **Amerikaanse publiek** gewys dat hulle nie die oorlog kon wen nie.
- Die VSA het jong en **onervare soldate** na Viëtnam gestuur.
- Die VSA gebruik die **'Soek en Vernietig'-strategie** om dorpies en ondersteuning vir die Viëtkong te vernietig (byvoorbeeld My Laislagting) – guerrilla-taktiek het hulle verwar.
- **Dit het tot die dood van baie burgerlikes gelei** en tot groter ondersteuning van die Viëtkong.
- Die aantal **VSA soldate wat in die oorlog gesterf het, het toegeneem** – dit lei tot anti-oorlogveldtogte in die VSA.
- Teen 1971 is 5 000 mans vir oorlogwonde behandel en 20 000 vir dwelmmisbruik; tussen 1966 en 1973 was daar 503 000 gevalle van drostery.
- **Televisienuusberigte** (media-oorlog/eerste oorlog wat in die 'sitkamer' ingebring is), koerante en tydskrifte het beeldmateriaal gewys van voorvalle waar Viëtnamese burgerlikes deur Amerikaanse troepe (napalm-foto) vermink is en gevolglik het **anti-oorlogsbewegings** ontwikkel (Kent Staat-slagting/Anti-Viëtnam-oorlogveldtog).
- President Nixon se beleid van 'Viëtnamisering' – opleiding van die Suid-Viëtnamese en geleidelike onttrekking.

© SACAI KOPIEREG 

- **Nog swaar bombardering van Noord-Viëtnam in 1970** – maar kon nie die Viëtkong stop nie/die Ho Chi Minh-roete vernietig nie. 1973-skietstilstand en die laaste Amerikaanse troepe word onttrek.
- In 1975 het die kommunistiese Viëtkong oorwin; **1976 is Viëtnam onder kommunistiese regering verenig**. Die VSA het misluk om die uitbreiding van kommunisme te stuit.

**Gevolge:**

- ’n Geraamde **2 miljoen Viëtnamese is dood** en ongeveer 3 miljoen mense gewond.
- Die oorlog het **die land se infrastruktuur en ekonomie vernietig** (Agent Orange het die woude en kosvoorrade vernietig).
- **12 miljoen mense het hulle huise en geliefdes verloor; 500 000 het vlugtelinge geword**.
- **Die oorlog het die VSA se ekonomie baie gekos**, hoë vlakke van ongevalle; ongeveer 700 000 het **sielkundig skade gelei**, dwelmverslawing het toegeneem.
- Amerikaanse wreedhede teen die Viëtnamese mense het die Amerikaanse openbare beeld wêreldwyd geskaad.
- Enige ander relevante antwoord.

**SLOT**

- Kandidate moet hulle argument in ’n relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Gee ’n kritiese bespreking van hoe Mobutu Sese Seko se politieke, ekonomiese en sosiale beleide onsuksesvol was om die Kongo na onafhanklikheid in 1960 te ontwikkel.

Gebruik relevante bewyse om jou antwoord te ondersteun.

### SINOPSIS

Die kandidate moet die impak van Mobutu Sese Seko se beleide op die Kongo en sy mense ná onafhanklikheid in 1960 krities bespreek.

### KERNASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet Sese Seko’s se beleide (sy leierskap) en die impak op die land en sy mense na onafhanklikheid krities bespreek.

### UITBREIDING

**Agtergrond:**

- Die Kongo het onafhanklikheid van België op 30 Junie 1960 verkry. Lumumba het die land se Eerste Minister geword, maar hy is sewe maande later in ’n sluipmoordaanval dood. België het onafhanklikheid toegestaan sonder om enigiets te doen om die Kongolese op die verandering voor te berei. Sese Seko se regering het as ’n **militêre regime** begin ná die staatsgreep wat Kasavubu omvergewerp het.
- Die Kongo se oorgangsperiode was met spanning en etniese twis gevul. In 1964 het Kongolese rebelle (die Simba) teen die regering in opstand gekom. Uiteindelik het Mobutu se leër, met die hulp van Belgiese en Amerikaanse valskermsoldate, die teenstand onderdruk.
- Politieke stabiliteit het eers na die Kongo teruggekeer toe Sese Seko in November 1965 met die hulp van die CIA en met die politieke en militêre ondersteuning van Westerse lande, wat hom as ’n bondgenoot teen kommunisme in Afrika beskou het, die mag oorgeneem het.

**Politieke beleid – Sese Seko se leierskap:**

- Sese Seko het gesê hy is ten gunste van ’n demokrasie, maar hy het as ’n diktator geregeer.
- **Persoonlikheidskultus** – die inwoners van Zaïre is gedwing om na toesprake te luister.
- Hy het ontslae geraak van alle politieke partye behalwe sy eie, the Popular Movement of the Revolution (MPR) (eenpartystaat). Dit het die weg gebaan vir hom om die verkiesing in 1970 te wen, waar hy ’n sewejaartermyn gewen het.
- Daar was baie **menseregteskendings** en hy het sy vyande wreed onderdruk, byvoorbeeld deur openbare teregstellings.

© SACAI KOPIEREG 

- Hy het daarna gestreef om **nasionale eenheid** en trots in Zaïrese identiteit en –kultuur te bevorder. Hy het die naam van die Kongo na die Republiek van Zaïre verander. Dit was die eerste stap om Europese invloed op die nasie te probeer verminder.
- Zaïre het betrokke by die Angolese Burgeroorlog geraak deur die verloorders te ondersteun. Zaïre het toegang tot die Benguela-spoorlyn nodig gehad.
- Die lewe van gewone burgers het nie gedurende sy regering verbeter nie. Sy regering is deur wanbestuur van fondse en **korrupsie** gekenmerk.
- Sese Seko het sy naam verander sodat dit "seëvierende krygsman wat van krag tot krag gaan" beteken het, en het 'n kultuspersoonlikheid ontwikkel (**Mobutisme**).
- Onder Sese Seko is daar ook na Zaïre verwys as 'n **kleptokrasie** (heerskappy deur diewe).
- Sese Seko het ook gedurig sy ministers en senior offisiere vervang of hulle posisies gereorganiseer sodat niemand 'n bedreiging vir sy mag sou word nie. Hy het ook 'n gewoonte daarvan gemaak om sy senior amptenare af te dank en hulle sonder waarskuwing in die tronk te gooi.
- Sese Seko het 'n streng ekstreme beleid van Afrikanisering van die Kongo begin – **authenticitè**. Hy het elke burger beveel om hul doopnaam na 'n Afrika-naam te verander.

**Ekonomiese beleide:**

- Sese Seko het die Kongo se ryk natuurlike hulpbronne gebruik om 'n broodnodige inkomste te verkry. Hy het buitelandse kopers verwelkom en die koper, kobalt, diamante en ander minerale teen gunstige pryse aan hulle verkoop.
- Mobutu het die wins van die koperuitvoere vir 'n tien-jaar industrialisasieprogram van die Kongo gebruik. Die **Ingadam**, die wêreld se grootste hidro-elektriese dam, is in 1972 voltooi.
- Sese Seko het 'n **staalfabriek in Kinshasa** en 'n kraglyn van 1 786 km wat van die weste van die land tot in die Katanga-provinsie in die suidooste gestrek het, laat bou en geïnstalleer.
- Ná 'n besoek aan China in 1973 het Sese Seko gesê dat Zaïre groter onafhanklikheid van die Weste moet hê en met 'n proses van nasionalisering begin. Hy het die regering beveel om **beslag te lê op 2 000 buitelandse maatskappye**.
- Plantasies, plase, fabrieke en firmas wat die ekonomie aan die gang gehou het, is aan sy vriende en familie oorhandig, met homself wat amper die helfte self besit het. Besighede het **bankrot** gespeel of is deur wanbestuur verwoes.
- Staatsamptenare is vir maande lank nie betaal nie; wend hulle tot korrupsie/verlenging van kleptokrasie.
- Zaïrianisering en die "radikalisasie van die revolusie" wat nasionalisering van handel ingesluit het, het die chaos in alle sfere van die ekonomie vererger, korrupsie het infrastruktuur vernietig, en gelei tot die **laagste lewenstandaard** in die wêreld.
- Opkoms van die nuwe elite het gelei tot klassedifferensiasie.
- Die skielike daling in die internasionale vraag na koper in die 1970's het die Kongolese ekonomie drasties gedestabiliseer.
- Dit het duidelik geword dat Sese Seko **se beleid misluk het**; hy moes buitelandse beleggers terugnooi, die Wêreldbank het $3 miljard aan Zaïre geleen (Het afhanklik van buitelandse hulp geword).

**Sosiale en kulturele beleide:**

- Die onafhanklikheid het die verspreiding van die Afrikakultuur bevorder. Kanda Bongo het ’n internasionale musikant geword, bekend vir sy kwassa-kwassamusiek. Onafhanklikheid het Kongolese skrywers geïnspireer; Lisembe Elebe het toneelstukke geskryf.
- **Westerse klere is verbied** – geen pakke, dasse, klere, geïnspireer deur Mao.
- Onderwys: Nuwe skole is ná onafhanklikheid gestig, maar geldtekort en te min onderwysers het negatiewe gevolge vir die onderwys gehad.
- Kerkskole was teen die 1990’s meestal verantwoordelik vir die onderwys van jong Kongolese.
- Gedurende die 1970’s het die jaarlikse inflasiekoers 100% bereik. Die regering het probeer om die inflasiekoers te verlaag deur minder op gesondheidsdienste, opvoedkundige programme en sosiale welsynstoelae te spandeer. Hierdie maatreëls het veral die lewens van die armes geraak.
- Enige ander relevante antwoord.

**SLOT**

- Kandidate moet hulle argument in ’n relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik na watter mate die Swartmagbeweging suksesvol was om gedurende die 1960's trots en eenheid onder Afro-Amerikaners in die VSA te bevorder.

Gebruik die relevante bewyse om jou argumentslyn te ondersteun.

**SINOPSIS**

In die skryf van hierdie opstel moet die kandidate 'n oorspronklike argument konstrueer, gebaseer op die bewyse en hulle moet analitiese en interpretasie vaardighede gebruik.

**KERNASPEKTE**

Fokus op die beginsel van trots en eenheid.

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n stelling inneem in die verduideliking na watter mate die Swartmagbeweging suksesvol was om trots en eenheid onder Afro-Amerikaners in die VSA gedurende die 1960's teweeg te bring.

**UITBREIDING**

**Agtergrond:**

**Omstandighede in die VSA:**

- Afro-Amerikaners was ekonomies en polities gestrem in die VSA tydens die diskrimenerende (Jim Crow)-wette.
- Daar was 'n gebrek aan 'n gevoel van trots weens die sosio-ekonomiese omstandighede (Woon in ghetto's en plakkergebiede/swak behuising en fasiliteite met onvoldoende hulpbronne).
- Hulle het ongeduldig geword met die stadige pas van verandering en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's.
- Afro-Amerikaners is aan polisiebrutaliteit onderwerp – lei tot die ontstaan van 'n nasionalistiese gevoel.
- Die Swartmagbeweging het 'n Swartmagfilosofie bepleit wat die gees van selfgeldendheid, selfstandigheid, swart trots, en beheer oor politiek in hul eie gemeenskappe (om hulself teen polisiebrutaliteit soos deur Stockley Carmichael bepleit is, te beskerm); om vry van wit outoriteit te wees; bevorder die Afrohaarstyle en Afrikakleredrag en die slagspreuk "Black is beautiful" uitgedink.
- Afro-Amerikaners was moeg en ongeduldig met die stadige pas van verandering en die geweldlose benadering van die Burgerregtebeweging.
- Die Swartmagbeweging het swart trots, eenheid, selfonderhouding en gelykheid vir almal bevorder.

**Stokely Carmichael**

- Hy was die voorsitter van die (SNCC) in 1966 en het die frase 'Swartmag' (Black Power) in sy toespraak gewild gemaak. Hy het uiteindelik sy idees van passiewe weerstand tot meer selfgeldende metodes verander (Black is beautiful).
- Swartmag het 'n gevoel van rassetrots en selfwaarde in Afro-Amerikaners ingeskerp. Hulle is aangemoedig om hul Afrika-herkoms te erken en trots te wees op hulle kultuur en om dinge op hulle eie te doen en hulleself teen rasse oorheersing en manipulasie te verdedig.
- Hy het geglo dat geweldlose verset nie werk nie want daar was voortgaande geweld wat deur wit Amerikaners teen Afro-Amerikaners gebruik is.
- Voorstaander van uitsluiting van 'wit liberales' as 'n filosofie.

**Malcolm X**

- Was 'n welsprekende aktivis vir Swartmag – hy het gesê dat hulle vir gelyke regte moes veg selfs al sou dit beteken dat hulle geweld moes gebruik. Jong stedelike Afro-Amerikaners was aangetrokke tot sy idees.
- Hy het geglo in swart apartheid, self-beskikking (Swart Nasionalisme) en hy het selfrespek en selfdissipline bepleit.
- Geglo in die konsep van Swart self-trots en self-gelding/selvertroue/self/help –Swart Trots.
- Bepleit selfgeldendheid (aggressiwiteit) in hulle rewolusie, bv. rasseopstande in Watts Detroit.
- Hy bevorder die gebruik van geweld as 'n vorm van selfverdediging teen diegene wat Afro-Amerikaners aanval.
- Malcolm X het Martin Luther Jr se droom as 'n nagmerrie gesien.
- Carmichael het Swartmag as 'n oproep vir swart/Afro-Amerikaanse mense in sy land om te verenig, om hul erfenis te erken, om 'n gevoel van gemeenskap te bou, gedefinieer. Swart mense moet hul eie doelwitte definieer en hul eie organisasies lei.
- Die Swartmagbeweging het Afro-Amerikaners aangemoedig om hulle Afrikaherkoms te erken deur Afro-haarstyle en Afrika-musiek en kultuur aan te hang asook om oor die Afrika-geskiedenis te leer.

**Huey Newton and Bobby Seale**

- Hulle het die Black Panther Party vir selfverdediging (BPP) gestig. Dit het begin as 'n groep wie se hoofdoel was om die Afro-Amerikaanse woonbuurte te beveilig en teen polisiebrutaliteite en rassisme te beskerm. Hulle het die gebruik van gewere aangemoedig om hulself te beskerm.
- Baie hoofstroom-blankes was die Black Panther en ander Swartmaggroepe vyandig gesind omdat hulle as anti-wit en as anti-wetstoepassing gesien is.
- Ander BPP-aktiviste soos Erika Huggins het minderbevoorregte Afro-Amerikaners bemagtig om 'n opvoeding te kry.
- Elaine Brown het die jeug en vroue geïnspireer om hulself te bevry.
- Die BPP was betrokke by skietgevegte met polisie in New York en Chicago. Die FBI het hulle as 'n bedreiging vir nasionale veiligheid beskou.

- In 1967 is Huey Newton gearresteer en het die BPP 'n "Free Huey"-veldtog begin.
- Net so was Angela Davis 'n uitgesproke BPP-aktivis wat ook in hegtenis geneem is. Soortgelyke "Free Angela"-veldtogte is gehou.
- Die BPP het die "Gratis ontbyt vir kinders"-program begin wat daartoe gelei het dat arm kinders elke dag kos ontvang het, klinieke vir volwassenes en kinders het gratis gesondheidsorg verskaf en 'n skema om swart leerders op skool te help, is begin.
- Die BPP het 'n 10-punt program opgestel wat eise vir werksgeleenthede, behoorlike behuising, beter onderwys en die beëindiging van polisiebrutaliteit ingesluit het.
- Die BPP het by 'n reeks onwettige praktyke betrokke geraak om fondse in te samel. Hulle was onder meer by 'n konfrontasie met die polisie waartydens 50 mense dood is, betrokke.
- Die Swartmagbeweging was betrokke by onder andere rasse-onluste in Watts, Los Angeles, Newark, New Jersey en Detroit. Sulke onluste het talle dood en honderde beseer gelaat, en het groot skade en vandalisme aan eiendom veroorsaak.
- Dit het nie rassediskriminasie beëindig nie, maar wel 'n positiewe effek op swart/Afro-Amerikaanse selfvertroue en eiewaarde gehad.
- Dit het tot die "Black is Beautiful"-beweging gelei en swart kuns en kultuur bevorder.
- Enige ander relevevante antwoord.

**SLOT**

- Kandidate moet hulle argument in 'n relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

# GROOTTOTAAL: [150]